BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

10c — Maandag 20 Maart 1978 — WINDHOEK — Monday 20 March 1978 — No. 3719

INHOUD:

PROKLAMASIE: *Bladsy*

No. AG. 15 Proklamasie op die Oordrag van Uitvoerende Gesag (Beplanning en die Omgewing), 1978 1

CONTENTS:

PROCLAMATION: *Page*

No. AG. 15 Executive Powers (Planning and the Environment) Transfer Proclamation, 1978 . 1

PROKLAMASIE

van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

(Deur die Staatspresident goedgekeur op 10 Maart 1978)

No. AG. 15 1978

OORDRAG VAN ADMINISTRASIE VAN DEPARTEMENT VAN BEPLANNING EN DIE OMGEWING AAN DIE ADMINISTRATEUR-GENERAAL

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie 181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

M. T. STEYN
Administrateur-generaal — Windhoek, 17 Maart 1978

BYLAE

Woordomskrywing

1. (1) In hierdie Proklamasie beteken "Algemene Proklamasie" die Proklamasie op die Oordrag van Uitvoerende Gesag (Algemene Bepalings), 1977 (Proklamasie AG. 7 van 1977).

(2) 'n Verwysing in hierdie Proklamasie na 'n bepaalde wet word uitgelê as 'n verwysing ook na 'n regulasie, reël of ander maatreël wat kragtens daardie wet gemaak is of daarop betrekking het.

PROCLAMATION

by the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

(Approved by the State President on 10 March 1978)

No. AG. 15 1978

TRANSFER OF ADMINISTRATION OF DEPARTMENT OF PLANNING AND THE ENVIRONMENT TO THE ADMINISTRATOR-GENERAL

Under the powers vested in me by Proclamation 181 of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in the Schedule.

M. T. STEYN
Administrator-General — Windhoek, 17 March 1978

SCHEDULE

Definition

1. (1) In this Proclamation "General Proclamation" means the Executive Powers Transfer (General Provisions) Proclamation, 1977 (Proclamation AG. 7 of 1977).

(2) A reference in this Proclamation to any particular law, shall be construed as including a reference to a regulation, rule or other enactment made under or relating to that law.

Oordrag van administrasie van Departement van Beplanning en die Omgewing

2. Ondanks andersluidende bepalings van enige ander wet maar behoudens die bepalings van hierdie Proklamasie en die Algemene Proklamasie, word die administrasie van die sake van die gebied Suidwes-Afrika met betrekking tot 'n aangeleentheid wat by die inwerkingtreding van hierdie Proklamasie deur die Minister van Beplanning en die Omgewing van die Republiek van Suid-Afrika geadministreer word, deur die Administrateur-generaal behartig.

Toepassing van wette

3. (1) Die bepalings van subartikel (1) van artikel 3 van die Algemene Proklamasie is, sonder om afbreuk te doen aan die bepalings van subartikel (2) van daardie artikel, nie van toepassing nie op artikel 4A van die Wet op die Wetenskaplike Navorsingsraad, 1962 (Wet 32 van 1962).

(2) Ondanks die bepalings van artikel 3(1)(a) van die Algemene Proklamasie, word die verwysing na die Parlement in artikel 15(1)(a) van die genoemde Wet op die Wetenskaplike Navorsingsraad, 1962, uitgelê as 'n verwysing ook na die Administrateur-generaal.

Kort titel

4. Hierdie Proklamasie heet die Proklamasie op die Oordrag van Uitvoerende Gesag (Beplanning en die Omgewing), 1978.

Transfer of administration of Department of Planning and the Environment

2. Notwithstanding anything to the contrary contained in any other law but subject to the provisions of this Proclamation and the General Proclamation, the administration of the affairs of the territory of South West Africa in relation to any matter which at the commencement of this Proclamation is administered by the Minister of Planning and the Environment of the Republic of South Africa, shall be carried on by the Administrator-General.

Application of laws

3. (1) The provisions of subsection (1) of section 3 of the General Proclamation shall, without detracting from the provisions of subsection (2) of that section, not apply to section 4A of the Scientific Research Council Act, 1962 (Act 32 of 1962).

(2) Notwithstanding the provisions of section 3(1)(a) of the General Proclamation, the reference to Parliament in section 15(1)(a) of the said Scientific Research Council Act, 1962, shall be construed as including a reference to the Administrator-General.

Short title

4. This Proclamation shall be called the Executive Powers (Planning and the Environment) Transfer Proclamation, 1978.

Gedruk deur en verkrygbaar by
Die Suidwes-Drukkery Beperk,
Posbus 2196, Windhoek
Suidwes-Afrika

Printed and obtainable from
The Suidwes-Drukkery Beperk
P.O. Box 2196, Windhoek.
South West Africa.